SIMBOLE VAN ONS VOLK

SIMBOLE VAN ONS VOLK

Doel

Om jou algemene kennis oor die simbole van die Afrikaner uit te brei

Uitkoms

Vertel vir 'n nie-Voortrekker wat die geskiedenis van Die Stem, Vlaglied en kultuurvlae is

Doenwenke

- Open of sluit jou spanvergadering af elke week deur een van hierdie liedere te sing
- Verf of teken die die kultuurvlae met hul korrekte kleure op 'n papier
- Maak 'n legkaart van die verskillende dele van elke kultuurvlag, sny dit op en hou 'n kompetisie om te kyk wie die legkaarte die vinnigste kan bou

Slaggate

- 'n Negatiewe houding teenoor die geskiedenis van Die Stem, Vlaglied en kultuurvlae
- As jy nie die woorde van die liedere deeglik ken nie
- As jy nie die agtergrond van die kultuurvlae ken en verstaan nie

DIE STEM VAN SUID-AFRIKA

Toe die *Unie van Suid-Afrika in 1910* tot stand gekom het, is “God save the King” as nasionale lied gebruik. Met die troonbestyging van Koningin Elizabeth II in 1952 het dit verander na “God save the Queen”. “Die Stem van Suid-Afrika”, waarvan die eerste drie strofes in 1918 deur C.J. Langenhoven geskryf is, is in 1921 deur ds. M.L. de Villiers van die huidige toonsetting voorsien. Die vierde gebedstrofe is later bygevoeg. Dit is die eerste keer tydens 'n amptelike geleentheid gesing toe die vorige nasionale vlag op 31 Mei 1928 vir die eerste keer gehys is. Oor die jare heen het dit gewild geword en op 2 Mei 1957 is dit tot enigste nasionale lied van Suid-Afrika verklaar. In daardie stadium is 'n Engelse weergawe, “The Call of South Africa”, ook amptelik in gebruik geneem. Al het Suid-Afrika nou 'n nuwe nasionale lied, bly Die Stem van Suid-Afrika vir die Afrikaner 'n geliefde kultuurlied.

Die digter:
CJ Langenhoven, beminde volksdigter en skrywer, is in 1873 op Hoeko, by Ladysmith in die Kaap, gebore en is in 1932 oorlede. Hy lê begrawe in Oudtshoorn, die kontrei waar hy sy lewe lank gewerk en geleef het. Hy het joernalistiek as loopbaan gekies en het in 1914 lid van die Kaapse Provinsiale Raad geword. Later word hy ook volksraadslid en senator. Hy was veelsydige skrywer wat hom gewend het tot gedigte, romans, kinderverhale, Bybelse verhale, politieke geskrifte, spreuke en limerieke.

Vir meer as 20 jaar lank beywer hy hom onvermoeid vir die regte van sy taal en sy volk en streef daarna om aan sy volk ook geestesvoedsel te verskaf.

Dit was ook hy wat in 1914 die groot slag vir Afrikaans geslaan het toe sy mosie in die Kaapse Provinsiale Raad aangeneem is en Afrikaans amptelik toegelaat is op laerskool.

Vir Langenhoven was dit 'n “heerlike roeping” om hom te wy aan sy moedertaal en sy volk.

Hierdie volksliefde het een van sy hoogtepunte bereik in Die Stem van Suid-Afrika wat in 1921 in die bundel, “Eerste Skoffies op die pad van Suid-Afrika” gepubliseer is. Hierin is die geniale volkskultuur wat die siel van sy volk ontroer. Die vaderlandsliefde wat deur hierdie klankvolle verse tril, het ons volk stormenderhand verower en sommer gou het die liefde van ons hele volk deur middel daarvan uiting gevind.

Die komponis:
Ds. M.L. de Villiers (1885-1977) wie se vader ook self 'n begaafde musikus was, is gebore in die Paarl. Hy is eers as onderwyser en later as predikant opgelei. Van vroeg af ontvang hy deeglike opleiding in al die aspekte van die toonkuns en stel intens belang in die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse musiektradisie.

Na 'n briefwisseling tussen ds. M.L. de Villiers en Langenhoven self, het hy in 1921 Die Stem van Suid-Afrika getoonset. Eers in 1924 is dit die eerste keer werklik in die openbaar uitgevoer en op 2 Mei 1957 is dit tot enigste amptelike volkslied van Suid-Afrika verklaar.

In 1940 is 'n eremedalje deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan ds. M.L. de Villiers toegeken.

Die Stem van Suid-Afrika

Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee
Deur ons ver verlate vlaktes,
Met die kreun van ossewa
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika
Ons sal antwoord op jou roepstem
Ons sal offer wat jy vra
Ons sal lewe, ons sal sterwe
Ons vir jou Suid-Afrika

Kultuurvlae

Doel

In Die Voortrekkers gebruik ons gereeld ons kultuurvlae vir verskeie doeleindes waaroor hieronder meer besonderhede verstrek word. Die doel in hierdie hoofstuk is om Verkenners

- bewus te maak van die verskeidenheid van ons kultuurvlae
- inligting oor die oorsprong van elke kultuurvlag oor te dra
- Verkenners te laat dink aan kreatiewe wyses waarop ons kultuurvlae optimaal benut kan word.

Uitkoms

Die belangrikste uitkoms is dat Verkenners op hoogte moet wees van ons kultuurvlae, hulle moet kan herken en onderskei en geoefen wees in die optimale benutting van kultuurvlae in Voortrekkerwerk.

Ons kultuurvlae

Die Voortrekkers benut 'n hele reeks vlae wat elk in die loop van die wordingsgeskiedenis van die Afrikanergemeenskap op een of ander stadium oor hierdie gemeenskap gewapper het. Elkeen van hierdie vlae het sy eie geskiedenis. In Afrikaans is daar 'n uitdrukking wat hier uiters gepas is, naamlik, 'bekend maak bemind'.

Indien ons met die geskiedenis van elk van ons kultuurvlae bekend is, sal ons met groot waardering van hulle gebruikmaak. Die teenoorgestelde is voor-die-hand-liggend: indien ons niks van ons kultuurvlae weet nie, sal hulle vir ons niksseggend wees en die gebruik daarvan geen doel dien nie. Hier volg kortliks die belangrikste besonderhede oor elk van ons kultuurvlae:

1 Die Nederlandse vlag

Hierdie vlag met sy drie horisontale bane in rooi (soms oranje), wit en blou het in die jaar 1652, toe Nederland 'n kolonie aan die Kaap gevestig het, oor die Nederlandse Republiek gewapper. Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), 'n handelsmaatskappy wat namens Nederland die Kaapse nedersetting begin het, het dieselfde vlag gebruik met die letters VOC op die wit baan in die middel. Die Nederlandse vlag is die langste van al ons kultuurvlae bo die Afrikanergemeenskap gehys, naamlik van 1652 tot 1795 en toe weer van 1803 tot 1806, toe Brittanje die Kaap beset en die Britse Union Jack die Nederlandse vlag verdring het.

Die Nederlandse vlag

2 Die Vlag van die Republiek van Natalia

Hierdie vlag is in 1839, toe die Republiek van Natalia deur die Voortrekkers onder leiding van Andries Pretorius gestig is, in gebruik geneem. Die Republiek van Natalia het tot in 1845 bestaan, toe daardie gebied deur Brittanje geannekseer is. Hierdie rooi, wit en blou vlag met sy driehoekpatrone is aan ons almal goed bekend, omdat dit van 1931 af as amptelike vlag deur die Voortrekkers gebruik word.

Die vlag van die Republiek van Natalia

3 Die Potgietervlag

Die trek van die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter het tydens die Groot Trek hulle eie vlag gehad. Dit was donkerblou van kleur, met 'n rooi kruis wat die hoeke verbind het. Hierdie vlag is in 1938, met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria gebruik om die hoeksteen te bedek totdat die oomblik aangebreek het om die steen in posisie te plaas.



Die Potgietervlag

4 Die Vierkleur

Die Vierkleur met sy vertikale groen baan teen die vlagpaal en sy horisontale rooi, wit en blou bane was die vlag van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) vir die volle duur van die geskiedenis van daardie Republiek (1857-1877 en toe weer 1880-1902). Die eerste voltydse predikant in Transvaal, ds Dirk van der Hoff, het hierdie ontwerp voorgestel. Dit is 'n vlag waaroor daar gedigte geskryf is (soos ds S.J. du Toit se “Die Vierkleur van ons dierb're land” en F.W. Reitz se “Vaarwel aan die Vierkleur”) en wat telkens by volksbyeenkomste vertoon is, soos met die begrafnis van president Paul Kruger in Pretoria in 1904 en landswyd met die Voortrekkereeufees in 1938. Dit was lank die embleem van die Transvaalse Voortrekkers totdat dit deur die Voortrekkermonument vervang is.

Die Vierkleur (vlag van die ZAR)

5 Die Vrystaatse vlag

Die vlag wat van 1854 tot 1902 oor die Republiek van die Oranje-Vrystaat gewapper het, het bestaan uit 'n aantal oranje en wit horisontale bane met 'n klein Nederlandse vlag bo links teen die vlagpaal.



Die Vrystaatse vlag

6 Die Lydenburgse vlag

In die pioniersjare van die ou Transvaal, voordat die ou Voortrekkers en hulle afstammelinge 'n sterk staat gevorm het, het die inwoners van Lydenburg van 1857 tot 1860 hulle eie vlag gebruik. Dit het soos die Nederlandse vlag gelyk, maar met 'n rooi baan bo.

Die Lydenburgse vlag

7 Die Stellalandse vlag

Die Republiek Stelleland het net enkele jare bestaan, naamlik van 1882 tot 1884. Dit was op die Transvaalse wesgrens geleë en die hoofstad daarvan was Vryburg. Die oostelike deel van Stellaland het in 1884 deel van die Zuid-Afrikaansche Republiek geword en die westelike deel 'n deel van Brits-Betsjoeanaland, wat later by die Kaapprovinsie ingelyf is. Die Stellalandse vlag het twee vertikale bane, groen links teen die vlagpaal en rooi regs, met in die middel tussen die twee bane 'n wit ster.



Die Stellalandse vlag

8 Die Republiek Land Goosen

Hierdie was die tweelingrepubliek van Stellaland. Dit was direk noord daarvan geleë met Rooigrond, wat naby die huidige dorp Mafikeng geleë is, as hoofsentrum. Dit het ook van 1882 tot 1884 bestaan en is uiteindelik op dieselfde wyse as Stellaland verdeel. Die Gooseniete het 'n vierkleur gehad met swart, wit en rooi horisontale bane en 'n vertikale groen baan teen die vlagpaal.

Die vlag van Land Goosen

9 Die Nuwe Republiek

Ons negende kultuurvlag is die vlag van die Nuwe Republiek, wat van 1884 tot 1888 suid van die suidoos-grens van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) bestaan het. Die hoofstad van daardie republiek was Vryheid. Dit is in 1888 by Transvaal ingelyf as die distrik Vryheid maar het na die Anglo-Boereoorlog deel van Natal geword. Die vlag van die Nuwe Republiek het soos die Vierkleur gelyk maar met 'n blou vertikale baan teen die vlagpaal en rooi, wit en groen bane horisontaal onder mekaar.

Vlag van die Nuwe Republiek

10 Die Republiekvlag

Die tiende en laaste kultuurvlag is die Unievlag (na 1961 Republiekvlag genoem) wat in 1928 'n amptelike vlag van Suid-Afrika en van 1957 tot 1994 die engiste amptelike vlag van Suid-Afrika was. Hierdie vlag het horisontale oranje, wit en blou bane, met op die wit baan in die middel drie miniatuurvlaggies langs mekaar gerangskik, naamlik die Union Jack, die Vrystaatse vlag en die Vierkleur. Dit is die bekende Oranje-Blanje-Blou en die vlag waarvoor die digter C.J. Langenhoven oorspronklik die *Vlaglied* geskryf het.

Die Oranje-Blanje-Blou

Doenwenke

Ten einde ons kultuurvlae so bekend en bemind as moontlik te maak, is dit belangrik dat dié vlae sigbaar moet wees en in Voortrekkeraktiwiteite gebruik moet word. Doen die volgende:

4.1 Verkenners moet minstens een keer per jaar in 'n kommando 'n seremonie uitvoer waarin die vlae gebruik en kortliks bekendgestel word.
4.2 Verkennerspanne moet aangemoedig word om afbeeldings van die vlae teen hulle spankamers/kommandosentrums se mure aan te bring
4.3 Ondernemende spanne kan tablo's opvoer waarin hulle gedigte en/of liedere oor die kultuurvlae voordra/sing terwyl hulle die vlae vertoon.

Die maatstawwe in al hierdie aktiwiteite moet wees kreatiwiteit asook waardige gebruik en voorstelling van die vlae.

Slaggate

Wanneer vlae in enige aktiwiteit gebruik word, moet die nodige respek betoon word. 'n Vlag is 'n simbool van 'n land of gemeenskap. Selfs opponente se vlae word altyd met respek behandel. Die goue reël "doen aan ander wat jy graag aan jouself gedoen wil hê" geld ook hier, en veral ten opsigte van ons eie kultuurvlae asook die landsvlag. Ligsinnigheid en hantering van vlae loop nie saam nie.

DIE VLAGLIED

Die betekenis van 'n eie nasionale vlag word nêrens mooier en treffender besing as in die woorde van C.J. Langenhoven se Vlaglied nie. Die Vlaglied is slegs die laaste strofe van die gedig "Ons eie vlag". Dit is deur F.J. Joubert getoonset.

Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika?
Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg
Vir naaste en vreemde,vir oorman en kneg;
Die pand van ons erf'nis,geslag op geslag,
Om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;
Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,
Uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.
Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,
Die vlag van ons eie Suid-Afrika.

Die Vlaglied kan met trots gesing word, veral by die seremonies tydens vlaghysing en vlagpresentering.